

17 November

1 Petrus 1: 1-12

(Teks: 3 + Romeine 8:18-30)

Gelowiges het 'n hoop wat lewe!

Wat is hierdie hoop waarvan 1 Petrus 3 praat? Hierdie hoop is om met sekerheid te wag. Geduldig en gedissiplineerd te wag op God se tyd. Dan begin ek nie inspring en optree asof my toekoms in my eie hande is nie. Maar... ek leef my roeping elke dag getrou en in gehoorsaamheid aan die Here uit daar waar Hy my gebruik.

En hierdie hoop het 'n fondament - die geloof. Ja, omdat ek glo aan die verlossing in Jesus Christus, hoop ek. Ek glo dat Hy uit die dood opgestaan het. Hy het die dood oorwin. Daarom sal ook ék die dood oorwin. 'n Lewende hoop is daarom nie 'n sprong in die duisternis nie. Nie 'n groot miskien êrens in die toekoms nie. Nie die hoop waarvan ons gewoonlik in Afrikaans praat nie. Nie: Ek hoop dit of dat gaan gebeur nie. Nee! Die lewende hoop is iets wat seker en vas staan. Ek is God se kind en daarom hoop ek met sekerheid. Wat ek hoop, sal beslis gebeur. Ek hoop - nee, ek weet - Jesus Christus het vir my 'n ewige erfdeel in die hemel verseker deur uit die dood op te staan.

Ja... ek het deel van die erfdeel wat Jesus Christus vir my in die hemel voorberei het. Ek het 'n vaste woning in die hemel (2 Kor. 5:1). 'n Erfdeel wat ek as ware gelowige nooit verloor nie.

Omdat my burgerskap, my vaste erfdeel, in die hemele is, kan ek elke dag met moed en vertroue voortgaan. Ek kan met sekerheid hoop op die beste (Rom. 8:28) - al gaan dit hoe swaar op aarde.

Sing Psalm 42:3 en 7

Ds. J.H. Howell (Brakpan-Suid)